

## DIE NUWE MORAAI.

I. Biskop J. A. T. Robinson het vyf jaar gelede 'n klein boekie die lig laat sien onder die titel „Honest to God”, waarin hy poog om 'n kopernikaanse omwenteling op die gebied van die Etiek teweeg te bring. Dit het hom in stormagtige vaarwaters laat beland en dadelik het daar pro's en contra's na vore gekom, met hul verwelkomende lofredes of verdoemende kritiek. Sy geskrif is vertaal, o.a. ook in Nederlands en so groot was die aanvraag dat daar alreeds 'n sesde opplaag uitverkoop is.

Die ontvangs van Robinson se gedagtes het hom geprikkel om voort te gaan en nog twee werkie het van sy hand verskyn. Die eerste onder die Nederlandse titel „Niet radikaal genoeg” en die tweede 'n meer kompilaratoriese werkie met die naam „Verschuiving in de moraal”.

II. Ons wil eers die teologiese agtergrond skilder en Robinson maak dit vir ons baie maklik, want hy steek geensins weg dat hy aangetrokke voel tot die rigtinge van Kierkegaard, Tillich, Bonhoeffer en Bultmann nie. 'n Mens herken dus hier die strominge uit eksistensialistiese oorsprong met hul eie opvattinge oor God, Gods Woord, openbaring en alle teologiese begrippe wat eintlik 'n herwaardering moet ondergaan. Hierdie opvattinge word nou oorgeplaas op die terrein van die Etiek en dan word losgeruk van alle standaarde, wette en norme, en word ons teruggewerp op die vlak van die naturalisme, die empirie en die lossigheid van subjektiwisme.

III. Dit was die eksistensialisme wat die probleem verskuif het van die essensie (syn) na die eksistensie. Hierby het Bultmann aangesluit en wat die Skrif betref, die bonatuurlike inhoud binne die natuurlike sfeer betrek. Hy het nie die Skrif verklaar nie, maar oorgeskryf. Die Skrif self was slegs 'n tydgebonde weergawe, stammende uit die wêreldbeeld wat die skrywers gehad het. Die Skrif moet eintlik herskryf word vir elke eeu en met die jongste wetenskaplike denkbearde van so 'n eeu. Die mitologiese taal waarin God nog voorgestel word as transedent, waarin nog sprake is van 'n Satan en engele, van 'n Godsryk en 'n verderf, waarin Christus vanuit die hemel kom om versoening te doen en 'n losprys betaal en dan terugkeer na die hemel, moet ontdoen word van die mitologiese inkleding. Die moderne mens moet van sy eksistensie bewus word in die wêreld van die hede, deur hierdie geontmitologiseerde Skrif. Teologie word dan antropologie.

Hierdie eksistensialistiese siening bring tot 'n eksistensialistiese uitlegging van die Heilige Skrif, d.w.s. van 'n vertaling van die evangelie in begrippe en kategorieë wat net op die egte mens-syn betrekking het. Ons moet leer onderskei, so word voorgegee, tussen wat die Bybel wil sê en wat hy nie wil sê nie. Die Bybel moet nie opgeneem word as objektiewe waarhede en gee geen objektiewe kennis van God of sy wet nie. Die Bybel wil ons onself laat verstaan en hierdie gebeure vind in mitologiese gedagtes of omhulsels hul uiting.

En wat is nou die ware of egte menswees? Dit is sy eksistensie, sy ware lewe; dit is sy vryheid. Die mens kan met kragte waaroor hy beskik nie die ware vryheid bekom nie. Hy moet dus self kies om die heil in Jesus Christus te ontvang en hom saam met Christus te laat kruisig. Van hierdie heilswerk, of liever heilsgebeure, spreek die Nuwe Testament in mitologiese terme. Ons is nooit gered nie, maar word telkens opnuut gered. Ons vryheid is nooit iets wat ons besit nie en waaroor ons dan beskik nie.

maar is iets wat ons telkens weer moet ontvang. Dit is ons vryheid dat ons elke dag opnuut moet kies om te ontvang waaroor onself nie beskik nie. Die verlossing is dus nie iets wat deur Christus bewerkstellig is nie, maar is 'n realiseerbare moontlikheid, wat elke dag progressief gerealiseer moet word deur elke mens. Hierdie moontlikheid word as evangelie verkondig. Hierdie moontlikheid is wat die Skrif die Heilige Gees noem, in mitologiese omkleeding dus.

Antropologie dus en geen teologie nie. Want dit gaan geensins om Godskennis nie, maar om mensekennis en dan nie maar bloot objektiewe kennis nie, maar moontlikheid van vryheid en lewe.

Dit is veral hierdie teologie van Bultmann en sy aanverwante eksistensialisme, wat die voedingsbodem vorm van Robynson se teologie en dan veral sy etiese rigting. By Robynson se denke staan ons 'n bietjie langer stil, maar dit word onmiddellik duidelik dat ons hier dieselfde gedagterigting kry, sy dit dan in meer ekstremistiese vorm. Die leerling gaan altyd verder as die leermeester.

Robynson se teologie wil ons hoofsaaklik weergee vanuit sy opvatting oor God, of sy Godsidee, want meer as dit is dit nie. Ons wil vervolg met sy opvatting oor die Skrif, nie as openbaring nie, bekendstelling van Gods wil nie, maar as prikkel tot realisering van die ware in die mens.

#### a. SY GODSIDEE EN SKRIFIDEE

Robynson begin om spottende opmerkings te maak oor die oorgelewerde geloof, asof God daarbo is, want dit getuig dan van 'n ruimtebeeld wat eie is aan die skrywers, juis omdat daar nie soiets is as bo of benede nie. Selfs Lukas, geleerde man soos wat hy was, het in die primitiefste taal geskryf van Christus wat opgeneem is en aan die regterhand van die Vader gaan sit het. Dit is maar ewegoed as wat ons hoor uit die mond van die Atheners, dat God woon in tempels wat met hande gemaak is. Paulus het ook vergeet om te ontmitologiseer toe hy gespreek het dat hy weggevoer is tot in die derde hemel. Ons moet tog vandag nie voortgaan om aan ons kinders te vertel dat God werklik bo die sterre woon nie. Ook word die voorstelling van Christus se geboorte in die vlees voorgestel as 'n God uit die ruimte wat kom besoek aflê by sy mense op aarde. As dit so moet wees, sou daar binnekort nie net nie meer plek vir hom wees in die herberg nie, maar ook nie in die heelal nie.

Maar wie is God dan?

God is die oneindige en onuitputlike diepte en grond van ons bestaan. God is diepte en hy wat kennis van diepte het, het kennis van God. Hy stel voor dat daar 'n kopernikaanse omwenteling moet kom in ons tradisionele opvattinge oor God en Gods Woord. Bultmann het al gespreek oor die feit dat die Nuwe Testament *meer* as gewone geskiedenis gee en hierdie plus by gewone geskiedenis is eintlik die transhistoriese karakter wat in mitologiese taal tot ons spreek van pre-eksistensie, inkarnasie, hemelvaart en neerdaling, wonders, kosmiese katastrofes e.d.m. Hierdie verouderde beelde laat die mens van die 20ste eeu struikel en moet oorwin word.

Robynson sê dat dit nie vir enigiemand maklik is om te breek met bestaande opvattinge nie, veral nie met die opvattinge omtrent God en opvattinge omtrent ons verlossing nie, maar dit het tyd geword dat die teologiese denke van manne soos Tillich, Bultmann en Bonhoeffer gepopulari-

seer word. Hy wil alleen eerlik wees voor God en beken dat hy nie met die ouderwetsde opvattinge meer kan saamgaan nie en oortuig is dat dit moet lei tot die ondergang van die christendom.

God moet nie opgeneem word as 'n op sigself bestaande iets nie, maar moet gesien word as die dinamiek van ons bestaan, die diepste grond daarvan. Ons moet breek met die supernaturalistiese teologie. God is dan nie 'n selfstandige wese met 'n eie wêreld nie, maar deel van die struktuur van die kosmos. Ons moet dus kom tot 'n naturalistiese standpunt, waarin God 'n wese is wat sin en rigting gee aan die natuur, *natura naturans*.

Nou is dit duidelik dat dit nie so deur die Skrif weergegee word nie, want die Skrifbeeld van God is supernaturalisties. Maar ons moet onderskei tussen storie en mite. Hierdie mitiese deel wat stam uit 'n voorwetenskaplike tyd, moet geontmitologiseer word. Ons moet skei van die gedagtes wat Jesus Christus maak tot 'n Gesondene (deur 'n Wese daarbo), na hierdie wêreld. Die transendentale betekenis van hierdie historiese gebeurtenis word geobjektiveer tot 'n supernaturalistiese gebeurtenis.

Robinson wil 'n christendom wat breek met die idee van 'n transendente God, 'n buite en bo ons bestaande geestelike Wese wat ook persoonlik is. Hy glo dat die ateïsme reg het as hulle beweer dat God 'n soort grootvader is, 'n vriendelike Ou Man wat in die hemel weggedruk is. Die vraag is of dit eie is aan die christendom en of die christendom onder sal gaan as hierdie gedagte prysgegee word.

God is nie hoog nie, maar diep, net soos waarheid diep is en nie hoog nie. God is die diepste diepte van ons bestaan, die diepte van ons geskiedenis, van ons sosiale bestaan. Ons kan dit *hoop* noem as ons dit verkies, maar dit is die dinamiese binne ons lewe, maar die beste is om dit LIEFDE te noem. Miskien sal ons die woord God liever moet vergeet, want die teïsme is in ons bloed en hulle poneer 'n ander wese en antiteïsme loën weer so 'n wese. God is dus liefde, die diepste diepte van ons ervaring en van ons bestaan.

Maar nou klem die vraag: is die vraag na God dan nie 'n vraag na transendensie nie? Bring dit nie die gedagte na lokalisering van God weer binne nie?

Op behendige wyse probeer Robinson dit ontwyk deur immanensie en transendensie te verbind deur te beweer dat immanensie en transendensie 'n tipiese kenmerk is van elke persoon, maar dit is 'n ervaringsmatige, natuurlike en waarneembare daelike gebeurtenis. God is die transendente in ons midde. Liefde is uit God, want God is liefde. Die transendente is dus nie ver weg nie, maar vlak by ons. Die ewige God word gevind in, met en onder die eindige mens, hetsy in ons ontmoeting met ander mense, of ook as ons antwoord op die natuur. Op so 'n wyse haal ons God as afgod neer na ons toe. God is die transendente diepte en grond van al ons ervaringe.

Van hieruit moet ook Christus besien word. Spottend word aangemerkt dat die vleeswording, waarin in die Skrif beweer word dat die Seun neergedaal het op hierdie aarde, as mens gebore is, geleef en gesterf het, nog reste is van die supernaturalisme. Hy was dan seker 'n God wat aan 'n verkleedparty deelgeneem het en sy goddelikheid was dan seker soos wat ons sjokolade met 'n blinkpapier oortrek. So het ons 'n hele kersmite en dit moet verdwyn. Ons kan die mite maar hou, solank as wat die mite daar is om die betekenis van die gebeurtenisse, die goddelike diepte van hierdie geskiedenis aan te

dui. Ons moet Christus herinterpreteer en dan is Christus nie 'n goddelike Persoon nie, maar in sy totale selfoorgawe om aan ander liefde te bewys, het hy maar net beklemtoon dat die grond van die mens se bestaan liefde is. Jesus het slegs vir ander mense bestaan, was op die wyse pro-eksistent en daarom gekruisig. Maar omdat Hy vir ander eksisteer (pro-eksistent), moet ons ook ons lewens so rig dat ons vir ander kan eksisteer. So partisipeer ons aan die Jesus-bestaan, so leef ons op grond van en vanuit die transendensie. In Jesus het die liefde sodanig regeer dat Hy liefde tot die uiterste bewys het, en hier vind ons dan weer die diepte van ons bestaan.

Op hierdie wyse word versoening dan opgeneem: nie dat daar 'n losprys betaal moet word nie, of dat die mens *hier* tot God *daar* in verband gebring moet word nie. Vandaar dat die vraag van onverskillige kant dikwels gestel word: hoe kan iets wat tweeduisend jaar gelede plaasgevind het (die kruisiging) ons vandag nog geld?

By die versoening moet daar veel wat mities is, weggesyfer word. Wat is versoening? Vooraf moet dan die vraag gevra word: wat is daar wat versoen moet word? Ons noem dit sonde, maar ons weet nie wat sonde is nie. Dit is geen oortreding van 'n gebod nie, omdat ons dan weer 'n Gebieder moet poneer, transendent aan hierdie lewe, aan wie ons gehoorsaamheid verskuldig is. Sonde is 'n toestand van vervreemding van onself en van ander, omdat ons vervreem geraak het van die diepste grond van ons bestaan, van die doel en oorsprong van ons lewe. Ons weet nie waarvandaan ons kom of waarheen ons op pad is nie, omdat ons onself afgeskei het van die diepte en grootsheid van ons eksistensie. Ons ore het doof geword vir die dieptes. Maar ons kan ons nie van die dieptegrond onttrek nie, maar bly in die kragveld van dit waarvan ons ons vervreem het: geskeie en tog verbonde, vervreem en tog daarby behorend. Dit bring ons tot vertwyfeling en vertwyfeling is wat ons sonde noem. Dit is hierdie verbondenheid in vervreemding wat ons hel noem, terwyl die verbondenheid in liefde dit is wat ons hemel noem. Die aanbod van lewe word in die Nuwe Testament genoem 'n nuwe skepping of ook genade.

Genade is niks meer as net 'n ervaring nie. Dit is die bitter pyn as jy besef dat jou lewe sinloos en leeg is, as daar 'n afkeer is van jou eie bestaan wat dikwels onverskillig, swak, in vriendskap is, as die so begeerde volmaking uitbly en wanneer vertwyfeling al jou vreugde demp. Genade is dan as jy ander weer waterpas in die oog kan kyk, as lewe met lewe herenig word, wanneer ons die lewe van 'n ander, selfs wanneer hy jou vyand is, aanvaar.

Aanvaarding --- dit is versoening. Jy aanvaar en word aanvaar. Daarom: aanvaar eenvoudig die feit dat jy aanvaar is. Om christen te wees 'beteken nie om op 'n bepaalde manier 'n religieuse mens te wees nie, of om sonde te bely en boete te doen nie. Dit beteken bloot om gewone mens te wees. En die christen se religie bestaan daaruit dat aan hom verkondig word erkenning, aanvaarding en aanbidding van die heilige in, met en onder die gewone. Gebed is dan verantwoordelikheid aanvaar om ander te ontmoet met alles wat jy het, bereid om die onbegrensde te ontmoet in jou begrensdeheid, om te verwag dat jy God sal ontmoet op jou pad, en nie die pad verlaat nie.

## (b) DIE ETIEK

Volgens hierdie opvatting bestaan die christelike lewe daarin dat jy 'n pro-eksistente mens ('n mens vir ander) in jou daelike lewe moet wees.

Die Etiek van Robinson volg dieselfde spoor as sy teologie. Hy spreek van 'n rewolusie in die moraal, wat vandag oral aan die gang is. Hy beskou dit as sy taak om die stormagtige rewolusie op die regte wyse in verband te bring met die naturalistiese opvatting en te breek met die super-naturalistiese teologiese opvattinge. Want sê hy: die vaders het die leer verwerp en die kinders het die moraal prysgegee.

Die ou tradisionele etiek het van 'n totaal verkeerde begrippespel uitgegaan en kan nie as christelik bestempel word nie. Goed en kwaad was aan Gods Gebooië gekoppel wat op kliptafels gegraveer was en op Sinai gegee is. Maar hier word uitgegaan van 'n mitologiese godsbegrip en dus ook van mitologiese norme. Die jeug van vandag het totaal gebreek met hierdie tradisie van 'n transendente God en heilige geboei. Hy gee die voorbeeld van die tradisionele opvatting van die huweliksgebod en egskending. Die huwelik word voorgestel as onverbreekbaar. Dit maak van die huwelik 'n metafisiese en sakramentele saak wat in die hemel gesluit word. So 'n opvatting mag hom nie beroep op Christus nie en as die christendom hiermee vereenselwig word, sal dit die christendom in diskrediet bring. Dit is 'n supernaturalistiese etiek wat as grondslag het 'n mitologiese eeu.

Die christelike etiek is universeel en vir alle mense bedoel. As ons gaan na die etiek wat Jesus ons voorgehou het, moet ons dit net nie legalisties verstaan nie, asof hy voorgeskryf het wat alle christene ten alle tye moet doen nie, wat ook al die omstandighede mag wees nie, asof bepaalde handelingse universeel goed en ander weer universeel swak is nie. Jesus se etiese voorskrifte is nie wette nie, maar voorbeelde van wat die liefde van elkeen op 'n bepaalde oomblik sou kan eis. Die etiese uitsprake het dus 'n paraboliese karakter en is omstandighedsgebonde.

Robinson se besware teen die supernaturalistiese etiek is dat dit heteronoom is en dat dit nie rekening hou met konkrete verhoudinge tussen mense nie. Die besondere verhoudinge kan wees wat hulle wil, maar die morele wet bly altyd dieselfde vir alle mense en alle tye. Die onveranderlike element in die gebod is geleë in die inhoud van die gebooië, wat sommige dinge as altyd goed en ander weer as altyd kwaad bestempel. Dit is eintlik die onmoontlike taak van die sogenaamde christelike etiek om die onveranderlike gebooië in veranderde verhoudinge prakties toe te pas. Immers die inhoud van die christelike moraal is al in die loop van die eeue ingrypend verander. Die tye verander en die christene verander daarmee saam. Hy noem as voorbeelde die veranderde opvattinge t.o.v. slawerny, van oorlog en ras, van doodstraf, sedelike beoordeling van selfmoord, gronde vir egskending. Dit is nie net toe te skryf aan 'n verbetering van etiese insigte nie, maar moet gesien word as 'n relativisme in al ons sedelike norme. Ons moet, volgens Robinson, erken dat die teologie besig is om, soos ander wetenskappe, van 'n suiwere na 'n toegepaste wetenskap oor te gaan. Jesus self het dan nie geaarsel om agter die wette van Moses 'n vraagteken te sit, toe Hy daarvan gespreek het as van menslike insettinge. Dit is vir ons tyd ewe-eens so. God is in ons geskiedenis. Jesus moet vir elke generasie vlees word en tydgeroot wees. Daarom is die Christus van ons tyd nie meer presies gelyk aan die Christus van die verlede nie.

Robinson wil spreek van 'n teonomie, maar volgens sy eie resepte. Die transendente is nie in die sin transedent dat dit iets bo, iets buite ons is nie, maar dit is die diepte en grond van al ons verhoudinge. Vir die etiek beteken

dit dat ons die konkrete relasies nie ondergeskik maak aan 'n universele norm nie, maar dat ons in elke unieke relasie die heilige en absoluut onvoorwaardelike ontmoet en daaraan gehoor gee. Dit beteken dat ons geen ander absolute waarde erken behalwe die liefde waarmee Christus ons liefgehad het. Net die liefde het 'n ingeboude morele kompas wat hom kan aanpas by elke tydsomstandigheid. Die etiek van die liefde is bereid om elke situasie te ontmoet, hom daarna te skik en na die moment te handel. Die enigste etiek vir 'n veranderende wêreld is die etiek van die kairos, waarin die liefde homself van oomblik tot oomblik realiseer. Dit is die etiek van die God-gegewe moment, wat die ontmoeting van die ewige in die tydelike moontlik maak. Dit is dus radikale situasie-etiek. Net dit wat op 'n bepaalde situasie uit gebrek aan liefde gedoen word, kan bestempel word as sleg. Wanneer dus die emosionele en geestelike welsyn van ouers en kinders in 'n bepaalde gesin op 'n bepaalde tyd die beste gedien word deur egskeiding, al is egskeiding gewoonlik hoe verkeerd, dan eis die liefde egskeiding.

Dit beteken nie dat die wet tersyde geskuif word nie, want niemand kan buite die wet leef nie, juis omdat die liefde die vervulling van die wet is. Ons mag dit ook nie so opneem dat die christelike lewe een is van wet-plus-liefde nie, maar die wet is ergens in die omtrek van die liefde, want Christus verdiep die wet en verklaar dit uit die liefdesgebod. Die wet is dus nodig en goed, maar moet net in die regte plek staan.

Die etiek moet weer induktiewe wetenskap word en nie deduktief soos die ou moraal nie. Die etiek moet dus van die besondere na die algemeen gaan en nie vanuit die algemene wet na die besondere situasie nie. Die etiek moet by mense begin en nie by beginsels nie, net soos Jesus die sabbatsgebod opsy gesit het en aan mense genesing op die sabbat gegee het.

Toegepas in die lewe, beteken dit dat die liefde die leidende faktor is wat lewensbeheersend is. By die seksuele lewe moet ons nooit uitgaan van die wetsapriori nie. Die deduktiewe benadering sien so daaruit: seksuele verkeer vóór die huwelik is sonde, omdat die wet dit verbied. Binne die huwelik is dit geoorloof, omdat die wet dit toelaat. Eintlik is die huwelik nou die skeidingspunt en nie die wet nie. Die induktiewe benadering is anders. Hier word die beslissing gefel op grond van 'n diep christelike liefde vir die ander as volledige mens. Die beslissende moment in die etiese beoordeling is nie die huwelikstaat nie, maar die aan- of afwesigheid van die liefde as diepste betrekking teenoor die medemens. Hier is die mens meer as die beginsel. Hier dikteer die liefde en nie beginsels nie. Jongmense het in hul liefdesverhoudinge behoefte aan hierdie menslikheid. Kuisheid word nie deur wette gereël nie, maar deur ente liefde. As die jongmense vra: waarom mag ek geen seksuele verhouding meer hê nie, moet die antwoord nie wees: omdat dit verkeerd is nie, sonde is nie, maar dat kuisheid blyk is van naasteliefde. Die liefdeskasuistiek stel baie hoë eise aan ons sorg vir die ander een wat ons liefhet, net soos Christus se liefde was. Liefde sien die persoon aan, hierdie individuele persoon en die absolute karakter van die liefde lê in sy vermoë om hom in elke konkrete situasie so te gedra dat hy die antwoord kan gee op die vraag: wat moet ek doen in hierdie kritieke situasie waarin ek nou gekom het.

Ons kan dit byna laat by hierdie weergawe van gedagtes, omdat kritiek eintlik oorbodig is. Tog wil ons 'n paar opmerkinge maak. Ons het hier met 'n teologie te doen van tersydestelling van die Skrif. Die proses van

Skrifmiskening het 'n nuwe fase betree. Waar dit eers gewoed het op die terrein van die Kanoniek en dit 'n krisis was wat die Skrifgesag wou aantas, het ons nou 'n krisis in die Hermeneutiek en geld dit Skrifverklaring. Eintlik word die Skrif slegs as uitgangspunt gebruik, maar van verklaring is geen sprake nie, slegs van duiding, van oorskrywing van die Skrif. Nie die Skrif verryk die lewe nie, maar die lewe verryk die Skrif. Hier word afskeid geneem van Gods Woord en word die Skrif volkome tersyde gelê. Die Skrif is literatuur uit die verlede, onbeholpe uitinge wat streng tydsgebonde is.

Na die Skrif word gekom met filosofiese konstruksies, met eksistensialistiese gedagtes en die eis dat Gods Woord moet beantwoord aan die eise van hierdie tyd en nie die tyd aan Gods Woord nie.

God is nie God nie, maar het 'n begrip geword, 'n dieptepunt van ons bestaan, 'n simbool. God is daadloos, werkloos en vind in die liefdesbegrip, wat ook geensins omskrywe word nie, sy teebeeld. Hierdie liefde kan nooit objektiewe geldigheid verkry nie, maar is my subjektiewe eienskap, wat ek projekteer. My liefde tot my medemens is die dieptepunt en hierdie liefde is eintlik God.

In die etiek verkry ons dieselfde subjektiwisme. Ek is my eie norm en is vir myself tot 'n wet. Ons verkry hier outonomie van die ergste soort. My beslissing is finaal en my liefde is my maatstaf. Liefde is tog nooit objektief nie.

Ons het hier voorts 'n sterk individualistiese tendens, 'n atomisering van die lewe in verskillende omstandighede en elke konkrete geval het sy eie wet of norm. Vir elke mens is elke situasie 'n eie situasie, waarin sy optrede nie gemeet kan word aan iets anders as sy eie liefdesopenbaring nie. Nou is daar geen sprake van 'n geskiedenis van die Etiek nie.

In hierdie sisteem word geen rekening gehou met die sonde nie, en wat ook die liefde sodanig aangetas en verderf het, dat ons buite Christus hoegenaamd nie kan spreek van enige liefdesopenbaring nie.

Ons het hier 'n aanslag op die kern van die teologie en al sy wetenskappe. Vir die sedelike lewe is alles funest, want dit is 'n poging om alle handeling goed te praat. Almal wil altyd sedelik wees en niemand mag weer as onsedelik aangespreek word nie. En omdat die Skrif die beginsel is en die uiterste toetssteen, moet hy uitgeban word.

Vir hierdie lewe word hier dus 'n vrybrief gevra. Jou teologie moet gepopulariseer word en om dit te bewerkstellig, moet alle beginsels opgehef word, die ganse Skrif onder die verdenking kom van supernaturalisme, moet 'n totale wysiging aangebring word by Skrifhantering, omdat dit nie meer deduktief maar wel induktief moet geskied.

Op so 'n wyse sal die christendom ondergaan in 'n Godlose, Skriflose en onchristelike nag.

S. P. v.d. Walt.

(Gelewer voor G.T.V. Potchefstroom)